Lucas Meyer Primêre Skool

OMSENDBRIEF: OSB 07/2020 19 Oktober 2020

Geagte Ouers/Voogde

Ons het weer aan die einde van nog 'n besige kwartaal gekom. Die skool sluit Vrydag, 23 Oktober 2020 om 9:30.

RAPPORTE

Graag wil ek u in kennis stel dat daar eers 'n derde kwartaal rapport uitgegee sal word vroeg in die vierde kwartaal. Die stelsel van die Departement van Onderwys (SASAMS) is nog nie opgegradeer nie, en opgradering word eersdaags verwag. Ons is jammer vir die ongerief maar dit is egter buite ons beheer.

FONDSINSAMELING/SEÑOR CHEF

Baie dankie aan al die leerlinge en ouers wat positief gereageer het met die verkoop van die Señor Chef produkte. Dankie ook vir u begrip dat die skool wel addisionele fondse moet insamel ten einde sy verpligtinge na te kom.

SKOOLFONDS

Ouers word asseblief daaraan herinner om hul skoolgelde op datum te hou. Baie dankie aan ouers wat gereeld hul verpligtinge teenoor die skool nakom.

SPORT

Daar is alreeds sportbepalings vir 2021 gereël. Die Departement van Onderwys sal egter bepaal of sportgeleenthede by skole voortgaan. Die skool sal u op hoogte van sake hou.

COVID-19 NOODFONDS

Daar is steeds 'n behoefte onder ons gesinne. Baie dankie aan elke persoon wat ons behoeftige gesinne bystaan in die moeilike tyd. Sou u belangstel om nog 'n bydrae te maak, die bankbesonderhede is:

ABSA BANK

Rekeningnaam:	Lucas Meyer Skool
Spaarrekeningnommer:	9108578792
Takkode:	632005
Verwysing:	NOODFONDS: Voorletters en van/ Anoniem

Baie dankie.

MNR. P.J. AUCAMP
HOOF

Tel: (034) 981 5006/ 981 5054 | **Faks:** (034) 983 2127 | **E-pos:** skool@lucasmeyer.co.za
Posbus 99 Vryheid 3100 | **Webblad:** www.lucasmeyer.co.za